# VRYHEID EN SKRIFKENNIS*

*deur Prof. Dr. H.G. Stoker*

## (1) Die negatiewe bepaling van vryheid

As ons wil weet wat vryheid is, moet ons sy wese nie in ‘n negatiewe bepaling soek nie. Ons moet altyd probeer om met positiewe bepalinge vas te stel, wat vryheid is. Deur te sê, wat vryheid nie is nie, weet ons nog nie in enkelsinnige sin nie, wat dit dan wel is. As u beweer dat iets nie swart is nie, weet u nog nie watter kleur dit dan wel is nie. Ons weet nog nie wat vryheid is, as iemand vir ons te kenne gee dat dit *on*-bepaaldheid, *on*-gebondenheid, *on*-gedetermineerdheid, *on*-afhanklikheid, ens., is nie.

Bowedien is sulke negatiewe bepalinge misleidend. As u vryheid in negatiewe sin probeer verstaan, en dit bv. as *on*-afhanklikheid of *on*-gebondenheid opvat, kan u nie tussen die vryheid van God en die vryheid van die mens onderskei nie. Die gevolg is dan dat u God en mens in dieselfde sin as ,,vry’’ opvat en die vryheid van God en die van die mens as gelykwaardige groothede op een vlak langs mekaar stel. Só vergoddelik u dan die vryheid van die mens of vermenslik u die vryheid van God. Maar dan bots natuurlik die vryheid van die een kan dan nie langs die vryheid van die ander bestaan nie. Óf God se wil óf die wil van die mens sal in elke gegewe geval moet kies en beslis.

Ons moet dus vryheid in positiewe sin leer verstaan. Ons moet eers leer insien wat vryheid *is*; dan eers sal ons reg kan verstaan wat vryheid nie is nie. Die negatiewe bepaling van vryheid is afhanklik van die positiewe bepaling daarvan. Alleen die positiewe bepaling van vryheid kan aan die negatiewe bepaling van vryheid enkelsinnige betekenis gee – en suiwer onderskei tussen die vryheid van God en die vryheid van die mens.

Om uit te vind wat vryheid in postiewe sin is, moet ons vra: Watter soort handelinge noem die mens vry; wat doen die mens met sy vryheid, wat kan hy daarmee doen; waartoe dien sy vryheid; waarvoor, waartoe, waarin is die mens vry; hoe verwesenlik hy sy vryheid; waarin soek hy die bevestiging en handhawing van sy vryheid?

## (2) Mens- en Natuur-verankerde vryheid

As ons die geskiedenis tot op ons tyd raadpleeg vir antwoorde op hierdie vrae, dan blyk dit dat die mens meestal sy vryheid in homself of in die natuur veranker, dat hy met sy vryheid soek sy eie grootheid, sy eie welbehae, die verwesenliking van sy eie ,,selfgenoegsaamheid'', en dat hy dit vind in die mag, wat hy oor die natuur het, om daar na hartelus te bak en te brou, te heers en te regeer. Hy wil m.a.w. sy vryheid nie in God veranker nie, maar soek die verwesenliking van sy vryheid in homself en in sy mag oor die natuur. Die geskiedenis egter leer ons nog meer. Dit leer ons dat orals waar die mens sy vryheid buite God om wil verwesenlik, hy verslaaf en verkneg word aan daardie dinge, waarin hy sy vryheidsversekering en vryheidsverwesenliking gesoek het. Dit is van belang om dit met 'n aantal voorbeelde te verduidelik.

Die rasionalis, bv., soek sy vryheid in die vrymag van sy rede om soewerein en selfgenoegsaam te bepaal, wat waar en geloofwaardig is en wat nie. Só sit hy sy hele hart en siel op sy rede, en vertrou dat sy rede prinsipieel in staat is, om hom volkome en selfgenoegsame leiding te gee. Die beperktheid en eie-aard van die rede as slegs middel om tot die waarheid te kom, sien hy nie in nie. Die gevolg is, dat die rede, wat middel is en hom moes ,,dien'', nou sy heer en meester word, waaraan hy homself verkneg. So word die rasionalis slaaf van sy eie feilbare en beperkte rede, en geniet hy 'n skynvryheid, wat vir hom sy eie knegskap verberg. Hy word redeslaaf – sy rede word 'n harde tugmeester, 'n tiran. Die rede van elke rasionalis lei hom in sy swakheid, beperktheid en onvertroubaarheid tot ander insigte as elke ander rasionalis, met die gevolg dat in die kamp van die rasionaliste 'n Babelse begripsverwarring, 'n geestelike rewolusie en gaos ontstaan. Geen twee rasionaliste het een en dieselfde wêreldbeskouing nie.

Neem as volgende voorbeeld die Franse Rewolusie met sy krete van vryheid, gelykheid en broederskap, en met sy eis dat bo die mens geen God en geen meester erken sal word nie. Vryheid word hier gelykelik gesoek in die vrymag van elke individuele mens, om oor sy eie lot te beskik. Asof God nie die beskikker van ons lot is nie! Vryheid wil die Franse Rewolusie nie in God veranker nie, maar in die mens. Hy maak die mens hier selfgenoegsaam, terwyl God alleen selfgenoegsaam is. En wat is die gevolg? Die mensdom word verslaaf en verkneg aan daardieselfde nietige ou mensie, met sy luste en liste, met sy swakhede en grille, waarin hy sy vryheid veranker het. Babelse staatsverwarring, rewolusie, magsmisbruik is die gevolg.

Sien u hoe die moderne mens vandag na hartelus en met selfgenoegsame welbehae sy vryheid soek in natuurtegniek, in nywerheidsontwikkeling, in industrieskepping en in geldbeheer? God het hy hier mos nie nodig nie! Hoe vry is die mens hier nie om na sy welbehae

te skep en te produseer!  Hoe groot en magtig is hy nie in hierdie natuurbeheersing nie!  Is dit nie vryheid nie?   Maar as u verder analiseer en noukeuriger oplet, wat sien u dan raak?  Dit – dat hierdie vryheid ‘n skynvryheid is, dat die mens kneg geword het van die voortbrengsele van sy hande, dat hy slaaf geword het van daardieselfde dinge, waarin hy sy vryheidsverwesenliking gesoek het.  Die maaksel van sy hande is sy meester, sy eie skeppinge kry oor hom die oorhand.  Orals is oorproduksie, en gepaard hiermee sien u arbeidsloosheid en hongersnood.  Pakhuise vol kos word vernietig om die pryse op te hou, terwyl die mense, wat rondom die pakhuise woon van honger omkom.  Die industriewese, nywerheid, handel en geldwese raak hande uit, tariefmure van ongekende hoogtes word opgerig, geld word gedevalueer; die mens word afhanklik van en verkneg aan magte, wat hy met sy vryheid te voorskyn getower het, aan natuurkragte, wat hy losgewikkel het, en aan sy skeppinge, wat hy onbeheer hul koers laat gaan het.  Hierdie nuwe meester speel baas oor hom met ‘n onpersoonlike tirannie.

Is dit dan nie verstaanbaar nie, dat die mens as enigste uitweg uit dié verknegtingstoestand die oorlog beskou, en sy vryheid deur oorlog wil terugwin?  Maar as hy sy vryheidsredding van oorlog verwag, word hy aan die gevolge daarvan verkneg met ‘n ystere onverbiddelikheid.

Wie die ekonomiese verwarring en industriële slawerny van vandag in die lig van Gods Woord sien, sal toestem dat dit die gevolg is daarvan, dat die mens in sy nywerheid en handel nie die verheerliking van God gesoek het nie, maar *self*verheerliking mensverankerde vryheid.

Die moderne geleerde natuurvorser soek sy vryheid en heerskappy, sy wetenskaplike heerlikheid in die beheersing van die feite van die natuur deur noukeurige waarneming en eksperiment.  Hier kan hy vrymagtig heers en die waarheid aan sy menslike heerskappy en heerlikheid onderwerp.  Hier kan hy die natuur dwing om hom sy geheime te openbaar.  Hier is die wetenskaplike metode selfgenoegsaam.  Hier is geloof aan God en Sy Woord onnodig.  En wat is die gevolg?  Die wetenskaplike word verkneg aan ‘n wetenskap, wat die beginsels, die waardes, die Skriflig nie ken nie.  Sy wetenskap word God-verloënd, beginselmiskennend en waardeblind.  Sy wetenskap verloor alle nugtere perspektief en word feiteslaaf, feite-aanbidder, terwyl feite onselfgenoegsaam is, en die verlies aan beginselsinsig, waarde-insig en Bybelgeloof nooit kan vergoed nie.  Maar juis omdat elke feit in die lig van beginsels, waarde en Bybelopenbaringe gesien moet word, sien hierdie wetenskappe vanself die feite verkeerd en telkens weer anders.  Skole, strominge, krisisse – ‘n Babelse verwarring ontstaan, en vandag skud

die fondamente van hierdieselfde feite-aanbiddende wetenskap. Ook hier sien ons dat vir die waarheid ,,feite'' geen selfgenoegsame en aanbiddingswaardige grond is nie. Feite is vir die wetenskap nodig – maar is onselfgenoegsaam.

Die moderne wetenskaplike is deur hierdie verknegting aan sy wetenskap nie meer vry nie, en leef hy in 'n skynvryheid, waarin hy dikteer, dat Bybelgeloof verouderd en bekrompe is, dat die wetenskap alleen mag dikteer en vasstel, wat waar en geloofwaardig is, en dat alle mense en volke na die stem van die wetenskap moet luister, ook daar bo waar die wetenskap eis, dat swaksinniges en misdadigers gesteriliseer moet word, dat geboortes wetenskaplik gereël en beperk moet word, en so meer. Intussen word teorie na teorie in die snippermandjie gegooi, en heers op die gebied van die wetenskappe 'n ongekende verwarring. Slaaf is ook hier die mens van die maaksel van sy hande. As die wetenskap maar nie in sy eie selfgenoegsaamheid geglo het nie, as die wetenskaplike nie om homself en om die wetenskap sy arbeid verrig het, maar om die eer van God en onder die banier van Christus, dan sou die seëninge van die wetenskap nie so vanself omgeslaan het in die vloek van slawerny nie.

Moet ek nog meer voorbeelde gee? Lê dit nie voor die hand, dat hy wat die volk-stem vrymaak, vryheid in die wil van die volk veranker dat hy hom aan die grille en willekeur van die volk-stem verkneg, en dat ook hier 'n Babelse verwarring die gevolg sal wees? Spreek dit nie vanself dat wie in diktatorskappe en ras-ideologieë gebou, sy vryheid soek en veranker, hom hieraan verkneg en sy persoonlike vryheid opoffer aan blinde rasmagte in die hande van 'n nietige mens? Stem u nie toe, dat hy, wat sy vryheid en menslike heerlikheid soek in plesierjag, sensasiesug en sinne prikkeling, hom hieraan verkeng en welbehae vind in die skyn-vryheid van sinnelike verslawing en van sensasie-knegskap? Verslaaf die vrou, wat haar vryheid soek in manne-gelykvormigheid, haar self nie aan haar manne-ideaal nie? So sou ons kan aangaan.

Is dit nie 'n wonderlike Goddelike ironie nie, wat Hy in die skeppingsordinansieë gelê het, dat elkeen wat sy vryheid nie in God veranker nie, maar dit in homself veranker en dit in die maaksel van sy hande probeer verwesenlik – *slaaf* en *kneg* sal word van sy eie voortbrengsele?

Die mens, wat in sy onselfgenoegsaamheid die selfgenoegsame grond vir sy vryheid soek, word slaaf van homself, word aan homself en aan sy eie onselfgenoegsaamheid verkneg. Hy wat sy vryheid in die natuurbeheersing veranker, en nie in God nie, word kneg en slaaf van daardieselfde natuur. Hy wat kuns, wetenskap, politiek, kultuur of wat ook beoefen – nie

om God nie, maar om die kuns, om die wetenskap, om die politiek, om die kultuur self, word daaraan verkneg.

### (3) Gode-verankerde vryheid

Tot dusver het ons twee resultate bereik: (a) Ons moet begin met ‘n positiewe, en nie met ‘n negatiewe, bepaling van vryheid te soek nie; (b) As ons nagaan hoe die mens positief sy vryheid trag te verwesenlik, dan blyk dit dat as hy buite God om sy vryheid soek, hy verkneg word aan dit, waarin hy gemeen het sy vryheid te kan geniet, en te kan verwesenlik.

Op hierdie stadium wil ek u herinner aan ons onderwerp wat lui: Vryheid en Skrifkennis. Die Skrif leer ons: U woord is ‘n lamp vir my voet en ‘n lig vir my pad. Sou die Skrif ons dan ook nie kan belig wat ons onder vryheid in positiewe sin behoort te verstaan nie? Sou die Skrif ons nie kan wys hoe ons vry kan wees sonder om verkneg te word aan die voortbrengsele van ons hande nie? Sou die Skrif selfs nie vir elkeen van ons kan wys, hoe ons ons eie persoonlike vryheid moet soek en verwesenlik nie?

Die slang het Adam tot ongehoorsaamheid aan God verlei, en Adam het onvry geword – slaaf van die sonde. Sonde is juis die soek van jouself, om jouself, i.p.v. die soek van God om God. Alles wat die mens doen, moet hy doen om God. Soek hy egter sy eie heerlikheid, dan word hy onvry, sondeslaaf.

Die Satan het Christus tot ongehoorsaamheid wou verlei, tot aanbidding van hom i.p.v. God; Christus het dit geweier en het in Sy gehoorsaamheid aan God Sy vryheid verwesenlik en alle mense, wat Hy verkies het, vrygemaak van die sonde.

As u die verleiding van Adam en Christus in die lig van Gods Woord deurdink, dan word dit duidelik dat vryheid gevind moet word in gehoorsaamheid aan God – onvryheid en slawerny in ongehoorsaamheid aan God. Vryheid mag dus nie opgevat word, soos so dikwels gebeur, as die vermoë van die mens om tussen goed en kwaad te kies nie. Die moontlikheid om tussen goed en kwaad te kies is ‘n ,,blote’’ moontlikheid, niks meer en niks minder nie. U mag hierdie moontlikheid nie vryheid noem nie, want as u dit wel doen, dan word vryheid afhanklik gemaak van ‘n menslike beslissing teenoor God, en maak u in hierdie opsig die mens selfgenoegsaam, Goddelik, terwyl God alleen selfgenoegsaam is. As u menslike vryheid soek in die moontlikheid om tussen goed en kwaad te kies, dan gaan u fundamenteel van die gedagte uit, dat die mens

Gode ongehoorsaam kan wees en tog vry kan bly, waardeur u van die staanspoor-uit die moontlikheid van ‘n botsing tussen die wil van God en die wil van die mens as ‘n voorwaarde vir menslike vryheid neerlê. So ‘n voorwaarde kan ‘n kind van God tog nie neerlê nie! So ‘n voorwaarde kom mos van die kant van die ongeloof, wat hom nie aan God wil onderwerp nie! As u vryheid soek in die moontlikheid om tussen goed en kwaad te kies, soek u dit in die valse leer van die Satan: ,,Vry is jy, as jy Gods gebod oortree’’. Maar dis ‘n slaafse vryheid, ‘n skynvryheid. Alleen ‘n slaaf sien in die moontlikheid van ongehoorsaamheid die verwesenliking van sy vryheid. ,,Ek is vry, as ek ‚nee!’ kan sê!’’ roep hy uit. Die kind van God moet uitroep: ,,Ek is vry, as ek Gods wil kan doen! Dit is nie vernederend nie, want God is God en ek is maar net ‘n mens, al is ek Sy kind!’’ Die vraag van die slang is ‘n suggestie gebore uit die houding van ongeloof. Ongehoorsaamheid aan God gee ‘n skynvryheid, wat in wese ‘n verslawing en verknegting aan jouself, aan die natuur, aan die sonde, aan die voortbrengsele van jou hande, beteken. Vryheid moet gesoek word in die *voorreg* om God te kan dien! Vryheid moet gesoek word in die bevoegdheid om aan God gehoorsaam te kan wees! Vryheid moet gesoek word in die verantwoordelikheid om Gods wil te kan doen! Vryheid is nie die moontlikheid van ‘n keuse tussen goed en kwaad nie – dit is ‘n valse probleemstelling, wat uit die ongeloof stam. Adam en Christus het beide hierdie moontlikheid gehad. U mag hierdie moontlikheid nie vryheid noem nie. Die moontlikheid van die keuse tussen goed en kwaad, van die keuse tussen gehoorsaamheid en ongehoorsaamheid aan God, was ‘n moontlikheid van die keuse tussen vryheid en slawerny. Adam het die skynvryheid van ‘n ongehoorsame slaaf gekies. Christus het die ware vryheid van wetsvervulling gekies. Die slaaf soek sy skyn-vryheid in die verlustiging van ongehoorsaamheid en wetsoortreding, waarin hy hom aan sy meester gelyk waan. Die kind van God skep behae in die doen van Gods wil, en verwesenlik hierin sy vryheid.

Ons het hier ‘n ongekende diepte van Gods raadsplan, waarin Hy ware vryheid gee aan hierdie mens, wat Hom dien, en skyn-vrye knegskap aan die ongehoorsame soeker van homself.

Wat beteken dit, dat die mens sy vryheid moet soek in gehoorsaamheid aan die wil van God, en dat hy slawerny en verknegting vind in die ongehoorsaamheid aan God? Soek die mens ,,van nature’’ juis nie in die moontlikheid om ongehoorsaam te kan wees die *bewys* vir sy vryheid (dieselfde *bewys*, wat ‘n slaaf soek!) nie? En hier eis ons, dat hy sy vryheid moet soek en alleen kan vind in die gehoorsaamheid aan God? Vir die ongeloof, vir elke mensvergoder, wat in die selfgenoegsaamheid van die mens glo, is dit absurd om vryheid in gehoorsaamheid aan God te soek. Vir die gelowige nie, want hy sien vryheid in die lig van die Skrif. Laat ons onsself ondersoek en onsself afvra, met watter reg ons, nietige mensekinders, ons vryheid gaan soek in

die moontlikheid van ongehoorsaamheid aan Gods wil? Is die veronderstelling van hierdie regsgrond nie die veronderstelling van die mensvererende ongeloof nie? Kan die ware kind van God dit ooit ernstig oorweeg om vryheid in die moontlikheid van ongehoorsaamheid en wetsoortreding te soek? God staan tog bo die mens. As Hy naas die mens, saam met hom op een lyn of in een vlak gestaan het, en mens-gelyk gewees het, dan sou dit sinloos gewees het om menslike vryheid te soek in gehoorsaamheid aan God. Maar God staan bo die mens – en nou is selfs waarlik menslike vryheid moontlik selfs daar waar die mens geroepe is om ander mense gehoorsaam te wees, insover hierdie gehoorsaamheid veranker is in die gehoorsaamheid aan God en die mens deur die gehoorsaamheid aan sy medemens die wil van God doen! Maar as my medemens van my gehoorsaamheid eis, wat bots met die wil van God, is ek onvry as ek my medemens gehoorsaam.

Vir die ongeloof is menslike vryheid en menslike gehoorsaamheid aan God twee verskillende, en onderling onverdraaglike beginsels; vir hom is ware vryheid vir die mens alleen gegee, as hy (,,soos 'n slaaf!'') aan God ongehoorsaam kan wees. Hy kan nie toestem, dat ware menslike vryheid alleen moontlik is nie, wanneer die mens Gode gehoorsaam is, want hierdie gehoorsaamheid bind, beperk hom en maak hom onvry; hy wil hierdie perke en bande nie hê nie; hy wil in selfgenoegsame sin, soos God, vry wees. Hy sien vryheid alleen in die betowerende lig van die sataniese verleiding: ,,Jy sal wees soos God''. Dit is die dilemma van die ongeloof: Godegelykheid of onvryheid; goddelike vryheid of fatalisme. Met hierdie dilemma kan hy ware *menslike* vryheid nie raaksien nie.

Die Skrifgelowige daarenteen weet, dat hy kind van God is. Daarin alleen kan en wil hy sy vryheid vind. God is waaragtig vry; dan moet hy as 'n ware kind van God ook vry wees. Die kind van 'n vrye God is geen slaaf nie. Hy weet dat hy na Gods beeld geskape is, en nie God is nie. Hy weet daarom ook dat sy vryheid die beeld moet wees van Gods vryheid, maar nie goddelik nie. Hy ervaar dan ook gehoorsaamheid aan Gods wil nie as 'n beperking en inkrimping van sy vryheid nie, maar as 'n voorreg, 'n Christelike gawe, wat alleen 'n *vrye* mens kan geniet. Hy ervaar gehoorsaamheid aan Gods wil as die enigste moontlikheid tot vryheid, as die vanselfsprekende voorwaarde van menslike vryheid, as 'n wonderlike genadegawe van God, as die hoogste verwesenliking van sy vryheid. Vryheid is geen band nie, maar 'n voorreg, 'n genadegawe, iets wonderliks positiefs. Daarom hou ek nie van die woord ,,band'' nie in verbindinge soos ,,band tot vryheid''. *Band* is te negatief, en veronderstel dat iets uitmekaar wil val, en saamgebind moet word. Die band hou aan mekaar, wat nie vanself bymekaar bly nie. ,,Gebondenheid'' aan die wil van God as voorwaardes van vryheid is te

negatief.  Gehoorsaamheid is *te* positief om as gebondenheid opgevat te word.  Dis opmerklik dat die huweliksformulier nie spreek van ‘n huweliksband (iets wat herinner aan tuie en jukskeie en wat moet keer dat die gebondenes verkeerd stap) nie,  maar van huwelikstaat, iets waarin jy positief jou vryhede verwesenlik.  Aan die ander kant erken ek, dat deur die sonde die mens gebind moet word aan dit, wat hy sonder die sonde vanself sou doen.  Maar ons positiewe opvatting van die wese van vryheid moet nie gewin word aan die menslike ,,vryheid’’ onder die staat van die sonde nie, maar aan die mens in sy ideale staat.  Eers daarna kan ons nagaan, wat die uitwerking van die sonde op sy vryheid is.

Vryheid is dus ‘n voorreg, iets wonderlik kosbaars, waarin die mens die beeld van God in hom tot heerlikheid kan ontplooi.

Reeds met heel eenvoudige beelde kan aangetoon word, hoe die wese van menslike vryheid gesoek en gevind moet word in gehoorsaamheid aan God.

Wie is vry om kuns te skep?  Wie is vry om die skilderkuns, die musiekkuns, die digkuns te beoefen?  Tog hy alleen wat kunstenaarsaanleg het, en hierdie aanleg deur oefening ontwikkel.  Maar waar kry hy sy aanleg vandaan?  Het hy hom sy eie aanleg gegee, of ontvang hy dit met sy geboorte van God?  Na die mate, wat hy aan hierdie aanleg, aan hierdie verpligtende gawe Gods gehoorsaam is, is hy vry.  Kunsaanleg is ‘n gawe en geen verdienste nie.  Vryheid is ‘n gawe en geen verdienste nie.  Iemand sonder hierdie aanleg, hierdie gawe, is tog nie vry om die kuns te beoefen nie.  Ongehoorsaamheid, willekeurige verdienste-soekery vernietig hier vryheid.  Maar verder – wie skep die hoogste kuns?  Tog hy wat gehoorsaam is aan die kunsordinansieë!  Van wie kom hierdie ordinansieë anders as van God?  Hy wat ongehoorsaam is aan die kunsordinansieë, aan die skoonheidswette, skep kunslose gedrogte, nie kuns nie.  Na die mate wat die kunstenaar die ordinansieë van God eerbiedig, skep hy kuns. Sowel wat sy aanleg as wat die kunswette betref is daardie kunstenaar vry om kuns te skep, wat gehoorsaam aan God is.  Ongehoorsaamheid vernietig hier vryheid.

Wie is vry om wetenskap te beoefen?  Tog alleen hy wat vir wetenskaplike arbeid aanleg het, logies suiwer kan dink, noukeurig kan waarneem, nougeset kan arbei.  Hy wat hierdie aanleg nie het nie, kan geen wetenskap beoefen nie.  Ook hierdie aanleg is ‘n gawe Gods, geen verdienste nie.  Ook hier eis vryheid gehoorsaamheid.  Maar verder, wie is vry om die wetenskap te beoefen?  Tog hy wat saaklik is, wat die gegewe feite, beginsels, waardes en Skrifwaarhede aanvaar; hy dus, wat die waarheid, wat in die skepping *voor*geteken is,

gehoorsaam *na*teken. Ook hier is wetenskaplike vryheid alleen in gehoorsaamheid aan die waarheid moontlik. Wie ongehoorsaam is, mag allerhande funtastiese teorieë uitdink, maar gee daarmee wetenskaplike vryheid prys.

So sou ons kan aangaan. Die leraar is vry, wat in gehoorsaamheid Christus verkondig, nie hy, wat agter allerhande moderne versinsels aanloop nie. Sedelik is die mens vry, insover hy die sedewet gehoorsaam is en sedelike waardes verwesenlik, sy van God gegewe plig vervul, en in Gods wette sy verlustiging vind. Onvry is hy, wat sy eie luste en nukke volg in minagting van en onverskilligheid teenoor wat God van hom verwag. Die onderwyser is vry insover hy die aan hom toevertroude kind tot vrye (d.w.s. gehoorsame) kind van God opvoed, en hom bevoegd maak om God te dien met die talente wat God hom gegee het. Daardie politikus, daardie volk, daardie party is vry, wat luister na die stem van God en sy van God gegewe roeping vervul. Hier orals is die voorligting van die Heilige Skrif 'n onvoorwaardelike eis; want hoe kan vryheid gesoek, gevind en verwesenlik word sonder Skrifkennis?

Vryheid moet gesoek word in die gehoorsaamheid aan die wil van God. Wie teen God kies, wie aan Sy ordinansieë ongehoorsaam is, vernietig die moontlikheid van vryheid. Tog is dit merkwaardig dat Christene in navolging van die ongeloof die vryheidsvraag so dikwels gesien het in die lig, waarin Satan ons ,,vryheid'' voorspel, nl. in die verleidende (maar om sy slaafse karakter vernederende) vraag: ,,Kan jy aan God ongehoorsaam wees? Kan jy die wet oortree?'' So soek Christene so dikwels vryheid in die moontlikheid van wetsoortreding, i.p.v. in die moontlikheid van wetsvervulling. Ook hier geld: ,,Elkeen wat die koninkryk van God nie soos 'n kindjie ontvang nie, sal daar nooit ingaan nie". Alleen kinders van God kan waarlik vry wees.

Deur in die moontlikheid van ongehoorsaamheid en van wetsoortreding u vryheid te soek, verval u in drie onvermydelike botsinge, waaruit geen menslike vernuf en skerpsinnigheid u kan red nie, nl. die botsing (a) van God en mens; (b) van mens en mens; en (c) van vryheid en wet.

Wie in ongehoorsaamheid aan God, wie in die moontlikheid van wetsoortreding die wese van vryheid soek, stel die mens bo die wet en plaas God en mens op een lyn, in een vlak, langsmekaar as gelykwaardige groothede. Maar dit is die houding van die ongeloof, wat alleen vryheid wil erken en aanvaar, as die mens daarin gelyk is aan God, keurende die goeie en die kwade, beslissende in eie welbehae. Hier word onbeperkte en onbepaalde vryheid geëis. Die mens eis hier geen waarlik menslike vryheid nie, maar goddelike vryheid. Wie vryheid soek in die moontlikheid van ongehoorsaamheid aan God, in die moontlikheid van wetsoortreding, soek van

die staanspoor uit sy vryheid in ‘n botsing van die wil van God en van die wil van die mens. As in hierdie botsing God sou wen, kan die mens nie vry wees nie. Gee egter Gods wil hier vir die wil van die mens pad, rig Hy Sy wil volgens die wil van die mens, dan erken Hy in hierdie opsig die mens as gelykwaardig aan Hom, en is God dus nie meer God nie. Hierdie vryheidsleer maak die mens tot heer, dit *verheerlik* die mens, i.p.v. dat dit God as Heer erken, en God *verheerlik*. Hierdie botsing is in hierdie leer onvermydelik: óf die menslike vryheid moet geloën word, óf Gods raadsbesluit, almag en soewereiniteit afhanklik gestel word van menslike beslissings. Die vraag wat ons so dikwels in ons eie kringe hoor: ,,Hoe kan menslike vryheid gerym word met die predestinasieleer?’’ – hierdie vraag is vir ons sinloos, want dit het alleen betekenis op die ongeloofstandpunt, wat vryheid soek in die moontlikheid van wetsoortreding. Ons moet leer insien, dat as ons voel dat ons vryheid onversoenbaar is met God se verwesenliking van Sy raadsplan, dat ons dan die ongeloofsvryheid, nl. die reg tot ongehoorsaamheid, begeer. Vanwaar sou die mens hierdie reg hom kan toeëien, tensy hy hom verbeel, dat hy kan wees, soos God?

Maar as u u vryheid soek in die bevoegdheid van gehoorsaam te kan wees, in die moontlikheid om die wet te kan vervul, in hierdie wonderlike gawe van God om in staat gestel te wees om Hom te kan dien en verheerlik as ‘n mondige en verantwoordelike wese, geskape na die beeld van God, dan is juis die hoogste verwesenliking van u vryheid identies met die vrye wil van God.

Is ons egter ongehoorsaam aan Gods wil en wet, dan verval ons in ‘n skyn-vryheid, in ‘n slawerny, waarin ons slaafs gedwing word deur die wet om teen wil en dank *tog* Gods raadsplan ten uitvoer te bring. In *beide* gevalle dus, nl. die van gehoorsaamheid en vryheid én die van ongehoorsaamheid en slawerny, handhaaf God Sy soewereiniteit. Die mens vermag in sy vryheid of slawerny niks teen Gods wil nie.

Wie vryheid soek in die moontlikheid van wetsoortreding, ontwikkel in die tweede plek ‘n vryheidsleer, waarin die vryheid van die een mens met die vryheid van die ander mens bots. Want as een mens sy vryheid vind in die moontlikheid van wetsoortreding, dan moet hy die vryheid van elke ander mens, wat ook in die moontlikheid van wetsoortreding sy vryheid soek, as ‘n beperking en bedreiging van sy eie vryheid beskou. Is een mens se vryheid gelyk aan die van God, dan is die ander mens se vryheid ook gelyk aan die van God. Elke mens voel hom so in sy vryheid ‘n klein godjie, wat geen ander godjies langs hom duld nie. So ontstaan die bedreiging van die vryheid van elke mens deur die van elke ander mens. En wie beslis hier in die praktyk? Die reg (resp. die mag) van die sterkste; die vryheidsleer van alle rewolusionisme. Waar die mag van die

sterkste beslis wie vry sal wees, vernietig die sterkeres die vryheid van die swakkeres en verloor die sterkeres hul eie vryheid in hul selfverknegting aan hul eie magslus en magsug.

Maar as u vryheid soek in daardie merkwaardige gawe van God om Gode gehoorsaam te kan wees, in daardie heerlike bevoegdheid om God te kan dien, in die genade van God om Sy wet te kan betrag, en te kan vervul, dan harmonieer vanself die vryheid van elke mens met die van elke ander mens. Daar is in hierdie Gode-verankerde vryheidsleer geen botsing tussen die vryheid van mens en mens moontlik nie.

In die derde plek, as u vryheid soek in die moontlikheid van ongehoorsaamheid aan God, in die moontlikheid van wetsoortreding, dan bots vanself u vryheid en die wet. Gevolglik moet óf die wet gehandhaaf bly, maar dan kan daar geen ware vryheid wees nie, óf vryheid word gehandhaaf, maar dan staan dit bo die wet, is dit on-wettelik en kan dit nie ordelik wees nie, waardeur dit willekeur en rewolusionêr word. Hierdie eeu-oue vraagstuk, waaroor biblioteke vol geskryf is, en wat veral in teologie, filosofie en sielkunde van alle kante en vanuit alle standpunte aangepak is, rus op ‘n valse probleemstelling, deurdat vryheid hier gesoek word in die moontlikheid van wetsoortreding. Op hierdie valse vraag bied die determinisme, wat die wet teenoor en ten koste van die vryheid handhaaf, één valse antwoord, en die indeterminisme, wat die vryheid teenoor en ten koste van die wet handhaaf, ‘n tweede valse antwoord, terwyl die outodeterminisme (of self-determinisme), ‘n valse sintese tussen die determinisme en die indeterminisme bied, en die ,,selfgenoegsame’’ ,,self’’ tog ook weer aan die wet ten koste van sy vryheid of aan die vryheid ten koste van sy wettelikheid opoffer. Teenoor hierdie valse probleemstelling met hul valse oplossinge van determinisme, indeterminisme en outodeterminisme, soek die juiste probleemstelling vryheid in die moontlikheid en bevoegdheid van wetsvervulling, maar dan verval vanself die botsing van vryheid en wet, asook die sinlose teenstelling van determinisme, indeterminisme en outodeterminisme.

Wie vryheid soek in die moontlikheid van wetsoortreding, soek vryheid in mensver*heer*liking, in die tot-heer-making van die mens. So egter verlustig die mens hom aan ‘n spieëlbeeld van ware menslike vryheid, aan ‘n skyn-vryheid, wat in werklikheid verknegting en slawerny is. Let maar op hoe die rasionalis hom skynbaar vry verlustig en ver*heer*lik voel in sy verknegting aan die rede, wat sy meester word, hoe die wellustige hom skynbaar vry ver*heer*lik weet in sy verslawing aan sy luste, sy eintlike heer, hoe die moderne nywerheid die mens ver*heer*lik met ‘n skyn-vryheid, hoe die teenswoordige natuurwetenskap sig skynbaar-vry verslaaf aan ‘n feitetirannie, hoe die moderne vrou sig vry waan in haar verslawende na-apery van die

man.  En as die stem of die wil van die volk vergoddelik word, ver*heer*lik word, tot selfgenoegsame heer verhef word, dan is hierdie navolging van die volkstem of volkswil ‘n skynbaar-vrye verknegting aan die volkswillekeur.  God is ‘n jaloerse God; Hy waak vir Sy eer en *heer*likheid deur die mens, wat in wetsoortreding sy vryheid soek, te verblind met ‘n verslawende vryheidsillusie, met ‘n verknegtende drogbeeld van vryheid, sodat hy hom in sy dwaasheid vry waan, waar hy slaaf is.

Maar wie vryheid soek in gehoorsaamheid aan God, wie sy vryheid soek in die bevoegdheid van wetsvervulling, maak Hy waarlik vry.  God maak die mens vry.  Die mens se vryheid moet in God veranker wees.  Die mens kan aan homself geen vryheid gee nie; hy kan dit nie verdien nie; hy kan dit net as ‘n gawe van God ontvang.  God gebruik so ware menslike vryheid vir die verwesenliking van Sy raadsplan.  Is so beskou nie die grootste deel van Psalm 119 één groot jubellied op die menslike vryheid nie?  ,,Ek sal my verlustig in u insettinge, u woord sal ek nie vergeet nie.  Open my oë dat ek kan sien die wonders uit U wet.  Ek sal op die weg van U gebooie wandel, want u verruim my hart.  Ek wil my verlustig in U gebooie wat ek lief het.  Here, die aarde is vol van U goedertierenheid.  Leer my u insettinge.  Maak my lewendig na u goedertierenheid.  U insettinge was gesange vir my in die huis van my vreemdelingskap.  As U wet nie my verlustiging was nie, dan het ek omgekom van ellende’’.  Hier het ons menslike vryheid, wat sy welbehae en verlustiging vind in die doen van die wil van God – en wat *hierin* Gods goedertierenheid ondervind, wat hom laat jubel!  Wonderlik diep en verhewe is hierdie Skriftuurlike vryheidsleer!

Vir die ongeloof is dit ‘n selfkontradiksie om ware menslike vryheid te soek in gehoorsaamheid aan Gods wet – vir die geloof is dit geen selfkontradiksie nie, maar ‘n vanselfsprekendheid.

**(4) Vryheid en natuurbeheersing**

Die resultate het ons tot dusver bereik: (a) Dit is verkeerd om te begin met ‘n negatiewe bepaling van vryheid; u moet vryheid eers positief leer verstaan; (b) die geskiedenis leer, dat hy wat sy vryheid nie in God soek nie, verkneg word aan dit, waarin hy sy vryheid wel soek; (c) die wese van vryheid moet gesoek word in die menslike bevoegdheid tot gehoorsaamheid aan God, in sy bekwaamheid om die wet te kan vervul.

As ons die wese van menslike vryheid dan moet soek in die menslike bevoegdheid van gehoorsaamheid aan God en dus van wetsvervulling, hoe vind ons hierin positiewe vryheid? Wat presies is hier vryheid in positiewe sin? Die mens voor die handliggende antwoord hierop gee Genesis 1, vers 26. Die mens sal *heers* oor visse, voëls, vee, diere, oor die hele aarde. Die mens se vryheid word positief bepaal in die Goddelike bestemming, dat hy aarde-onderwerper, natuurbeheerser sal wees. Die mens, vrye kind van ‘n vrymagtige God, vind sy menslike vryheid in natuurbeheersing in die diens van God, in die aarde-onderwerping ter ere Gods. Hierdie vryheid is alleen moontlik in gehoorsaamheid aan God, in die eerbiediging van die ordinansieë wat Hy in die mens en in die natuur gelê het. Hierdie vryheid is nie rewolusionêr nie, maar Christelik. Dit is ‘n voorreg, ‘n gawe van God, wat die mens moet gebruik vir die tot-heer-making, vir die ver*heer*liking van God. So is hy koningskind met ‘n vryheid, wat menslik is, ‘n vryheid *na die beeld* van die vryheid van God.

Hierdie bevoegdheid tot natuurbeheersing sluit in die bevoegdheid tot selfbeheersing. Alleen hy, wat homself beheers en beteuel kan die natuur beheers. Selfbeheersing is ‘n grondvoorwaarde van hierdie vryheid. Selfbeheersing onder die staat van die sonde vereis, dat die kind sal luister na die leringe van sy moeder, en die tug van sy vader lief sal hê. Daarom sal ons, Christene, altyd onderwysing in die Skrifte, die vermeerdering van Skrifkennis en die tugtiging van vryheid hand in hand laat gaan. Let op die woorde wat vir die ongeloof so wonderlik vreemd klink, maar tog deur en deur Skriftuurlik is, die woorde nl.: tugtiging tot vryheid. Selfbeheersing, alle natuurbeheersing is alleen vryheid, as daarmee God verheerlik word. Dit is ware en positiewe Christelike vryheidsleer. Natuurbeheerser, aarde-onderwerper kan ‘n slaaf nie wees nie; dit kan alleen ‘n vrye, mondige en verantwoordelike kind van God wees.

Ook die ongelowige mens is ,,natuurbeheerser’’. Maar sy natuurbeheersing verander deur sy selfsug en selfver*heer*liking in natuur*oor*heersing. So is hy nie meer heerser nie, maar oorheerser; hy is nie meer koningskind nie, maar tiran; hy bring verwoesting; sy natuuroorheersing verbreek Gods ordinansieë en maak die natuur stukkend; hy ontwikkel en ontplooi nie die verborge natuurkragte nie, maar hy maak hul uit hul verbande los en probeer om hulle met geweldenaarsywer na sy hand te dwing. Is dit dan ‘n wonder dat die natuurkragte, so losgewikkel en losgelaat terugslaan en hul oorheerser verkneg? So word die wonderlike seëninge van natuurbeheersing, van die menslike vryheid, verander in ‘n vloek vir die mens en vir die natuur. So word die mens verbrand deur die vuur, wat hy self aangesteek het.

Wie heers is koning. Wie oorheers gee homself oor aan geweld, wat homself verslaaf. Oorheersing is geen vryheid nie, dit is ‘n vorm van selfverslawing. Hy wat sy vrye natuurbeheersing soek in ongehoorsaamheid aan Gods ordinansieë, en hulle oorheersend verbreek, word deur hulle verkneg. Selfbeheersing word hier spontane uitlewing van wat in jou is, d.w.s. oorgawe aan ‘n self-oorheersing, ‘n selfverknegting, waarin jy jou vryheid verloor. Hy wat hom oorgee aan (d.w.s. oorheers word deur) bv. sinnelus of redevergoding, is nie meer vry nie. Die moderne opvoedkunde, wat tug uitskakel en die Skrifkennis minag en verwerp, is geen opvoeding tot vryheid nie, maar tot slawerny. Dit verheerlik God nie, en dit verneder die mens tot ‘n wese, wat kneg is aan homself. Hierdie selfverknegting kan teenoor ander slegs lei tot onverdraaglike tirannie. Ongeloofsvryheid is altyd ‘n skyn-vryheid, wat op verwoesting en vernietiging uitloop. Alleen die genade van God keer, dat hiedie verwoestingsproses sy volle vaart neem.

**(5) Vryheid en kultuurskepping**

Menslike vryheid is dus in positiewe sin bevoegdheid tot natuurbeheersing, tot aarde-onderwerping, om daarin God te verheerlik. Maar hierdie natuurbeheersing beteken nie net dat toegesien moet word, dat die visse op tyd hul kos, die bome op tyd hul reën, die diere op tyd hul versorging sal kry nie; die mens moes meer doen as net vir Gods skepping te sorg, so dat alles sy gereelde verloop sou hê. Hy moes die aarde *onderwerp*; hy moes die paradys *bewerk*; hy moes die natuurkragte en die lewenskragte van die aarde laat dien en lei tot *vermeerderde* verheerliking van God; hy moes hulle tot nuwe, Gode-verheerlikende groothede omvorm; hy moes, m.a.w. uit natuur kultuur maak, - hy moes die natuur tot kultuur omvorm. Menslike natuurbeheersing is mos kultuurskepping. Die mens kan niks in die natuur aanraak nie, of dit word deur sy aanraking kultuur. Onder sy aanraking word velde omgevorm tot plase; klanke, wat in die lug sweef, word onder menslike beheersing taal en musiek; kleure verbind hy tot skilderkuns; uit die grond bou hy paleise; uit wol maak hy klere, elektrisiteit gebruik hy vir verligting, vir verwarming en vir die oorbrugging van die afstande van die ruimte; stoom gebruik hy vir vervoer; goud word onder sy hand ‘n geldmaatstaf. Kyk maar rondom u, orals waar die mens die aarde onderwerp, die natuur beheers, daar ontstaan kultuur, daar vorm hy die natuur om tot *vermeerderde* verheerliking van God, die Skepper. Wat aan die mens die gawe van kultuurvorming gegee het, en in die natuur die potensialiteite om so omgevorm te word, gelê het. Is dit geen wonderlike bevoegdheid, wat God aan die mens, die kultuurskepper, gegee het nie? Is hierdie bevoegdheid nie waarlik vryheid in ‘n diep-positiewe sin nie? Graag spreek ek hier van skepping. Natuurlik kan God alleen skep in die sin van iets uit niks tevoorskyn te roep. Natuurlik is alle menslike skepping slegs omvorming van

natuurverskynsels tot kultuurverskynsels. Maar is hierdie natuurverskynsels nie iets nuuts in vergelyking met natuurverskynsels nie? Die mens is na die beeld van God geskape; - en mag ons nie hierdie kultuurvorming skepping noem in die sin van ‘n beeld van die skepping van God nie? Die mens vorm kultuur (iets nuuts) uit natuur met die vrye gebruik van die kragte, wat God hom gegee het, met behulp van die gees, wat God in sy neusgate geblaas het, en dus kragtens die beeldskap van God in hom. Hierdie kultuurskepping, beeld van die skeppingsvrymag van God, moet die ryke moontlikhede, wat God in die natuur gelê het, vormend verwesenlik, - algar kosbare moontlikhede, wat die natuur uit homself nie kan verwesenlik nie, en wat vir verwesenliking op die mens wag. Die natuur is op die mens, skepsel na die beeld van God, aangewys om tot Gode-verheerlikende kultuur omgevorm te word. Die natuur wag op die *vrye* bewerking van die mens, wat al sy ryke en wonderlike moontlikhede deur kultuurskepping, deur die daarstelling van die kosbaarste en heerlikste kultuurskatte, moet verwesenlik, - ter ere Gods. Daarom spreek ek graag van kultuurskepping, en bedoel dit in waaragtig menslike sin, beeld van die skeppingsmag van God.

Vryheid is dus, positief beskou, natuurbeheersing in die sin van kultuurskepping ter ere van en kinderlike gehoorsaamheid aan God. Die mens is as kultuurskepper beeld van God, nie goddelik nie. Maar soos God Homself verlustig in die werk van Sy hande, verlustig die mens hom in sy vrye skepping van ‘n Gode-verheerlikende kultuur. Hoe verlustig die natuurontdekker hom nie in ‘n nuwe ontdekking nie! Hoe verlustig die kunstenaar hom nie in skepping van kuns nie! Hoe verlustig die onderwyser hom nie in die vorming van die gemoed en die gees van die leerlinge tot mondige kultuurskeppertjies nie! Hoe verlustig die boer hom nie in sy welig-groeiende koringlande nie! Hoe verlustig die vlieër hom nie in sy vlugtogte nie! Hoe verlustig die vrou haar nie in haar naaldewerk, in haar baksel, in die versorging van haar geliefdes nie! al sulke verlustiginge is vryheidsgenot. Geen enkel menslike handeling is vir hierdie vryheidsverlustiging te gering en te eenvoudig nie. Elke mens is kultuurskepper en verlustig hom in die werke van sy hande, d.w.s. in sy kultuurskeppinge. Hierdie verlustiging is ‘n behaeskepping in die natuurbeheersing, in die wonderlike verordeninge van God. Hierdie verlustiginge, hierdie lewensgenot, hierdie behaeskepping in die vrugte van jou dade is, goed beskou, die ondervinding van Gods goedertierenheid en genade, - dit is ‘n kostelike verwondering oor Gods handewerk, - dit is iets, wat die mens laat jubel en sing: ,,Hoe wonderlik is U werke, o God’’. Na die mate wat die mens kultuur skep, na die mate verheerlik hy God met sy werk, en vind hy geluksaligheid in die goedertierenheid van God, wat hom so wonderlik vergun om Hom te verheerlik. Ware menslike vryheid word hier openbaar in die verlustiging waarin die mens, kultuurskeppend, God eer, sodat hy uitjubel: ,,Al U werke loof U, o Here!’’ Ware kultuurskepping verwek altyd jubelsange ter ere

Gods. *Dit is*, positief gesien, *vryheid!* Vry is die mens om na hartelus God te verheerlik met sy kultuurskepping, - en om hierin volle behae te skep, - om hom te verlustig in sy verheerliking van God.

Maar ook die ongelowige mens is kultuurskepper. Sy kultuurskepping, egter, is in sy ongehoorsaamheid nie vry nie, maar verknegtend; dis bowedien nie eintlik skepping nie, maar verskepping, - ‘n voortbringing van disharmonie en gaos, ‘n onbeheerste losmaking van natuurkragte – wat kultuur vervormend skynbaar die mens verheerlik, maar in werklikheid hom verkneg, en God onteer. Die sondaar soek in sy bevoegdheid van kultuurskepping, in hierdie wonderlike vryheidsaanleg (wat hy homself nie gegee het nie), sy eie eer en heerlikheid, waardeur hy kneg word van dit, waarvan hy hom skepper waan, en so sy vryheid verruil vir verslawing aan die maaksel van sy hande. Waar die mens met sy kultuurskepping homself i.p.v. God soek, word hy natuurverwoester en kultuurverskepper. Hierin ondervind hy nie Gods goedertierenheid nie, maar ‘n knagende onrus, wat hom voortdryf van verskepping tot verskepping, tot vermeerderde verknegting en toenemende selfvernedering. Hoe vernederd is bv. die mens nie, wat sinneslaaf is, of wat alle godsdiens verag!

Maar wonderlik is dit dat God hierdie selfverslawing van die ongeloof verblind met sy vertroue in sy skynvryheid, met die verharding van sy hart aan hierdie verknegtingstoestand vasbind, en tegelyk dit alles gebruik tot Sy verheerliking, as middels in Sy hand om sy raadsplan te verwesenlik. Want ook die kultuurprodukte van die heidene, wat hul vryheid in selfverheerliking of in natuurverheerliking en natuuraanbidding gesoek het, verheerlik God teen wil en dank. Want is Hy nie die Gewer van al die goeie, ook van die kultuurskatte, wat die ongeloof in selfverknegting skep, - ook van die natuurkragte, wat die ongeloof disharmonieus loswoel en vervormend loslaat?

### (6) Vryheid en roepingsvervulling[1]

Die Skrif se lig op ons vryheidsvraagstuk gaan nog verder. Natuurbeheersing, kultuurskepping is nie slegs ‘n algemene opdrag van God aan die mens gegee nie, dit is ook vir elke mens ‘n intiem persoonlike opdrag. God gee aan elke mens ‘n bepaalde en besonder taak in hierdie algemene opdrag om te vervul. Daarvoor gee Hy aan elke mens sy bepaalde aanleg en talente, asook die besondere omstandighede, waarin Hy hom plaas. God gee aan elke mens sy bepaalde deel van die natuur om te beheers, en om in Gode-verheerlikende kultuur om te skep. God gee aan elke mens sy besondere, sy persoonlik, *vrye* taak. Kortom God roep elke

mens tot daardie vryheid, waartoe hy bestem is. Vryheidsverwesenliking is in die mees intieme sin van die woord: roepingsvervulling.

God roep u *daagliks*, en nie net in u professie of beroep nie, maar met u *hele* lewe tot die taak, wat Hy aan u opdra. Hy doen dit deur die talente, wat Hy u gee, deur die beproewinge, wat Hy u stuur, deur u hand van dag tot dag te laat vind, wat *u* kan doen. Hy verwag dat, alles, wat u hand vind om te doen, tot Sy eer gedoen sal word met alle mag en uit alle liefde. U *hele* lewe, *al* u dade, groot of klein, moeilik of gemaklik, alles wat u dink en doen moet Godegewyd wees, om waarlik vry te wees. Met al u talente moet u woeker; want u het u talente nie vir niks gekry nie. In al die situasies, waarin u kom, moet u weet, wat u te doen staan; want daar is geen situasie waarin God u vir niks plaas nie. Waar u ook mag wees, en wat u ook mag doen, *alles* wat u hand vind om te doen, behoort tot u roeping. Vry is u in u roepingsvervulling. In die mate, waarin u u roeping vervul, vermeerder u u vryheid. Maar as u roepingsblind is, in u ongeloof of in u onwilligheid, in u selfsug of selfbejammering, in u onkunde of in u proteste en murmureringe, - is u kneg en slaaf van uself en van die sonde.

Om u roeping te kan vervul, moet u dit kan sien. U sien dit as u u talente, u moontlikhede, die natuur rondom u en die moontlikhede van die natuur sien *in die lig van Gods Woord*. Hierdie lig word u gegee in die genade van u geloof, want God maak u oë oop vir die waarhede van die Heilige Skrif. Maar hierdie lig moet u vermeerder en met wins gebruik deur ernstige Skrifstudie. Skrifkennis maak u roepingsbewus en deur u roepingsbewustheid heen vry. Die Waarheid alleen maak u vry. Die waarheid van Gods Woord maak u in dié sin vry, dat dit u die weg tot roepingsvervulling, tot Gode-verheerlikende kultuurskepping wys.

Elke mens het sy roeping. Die roeping van die een vul die roeping van die ander aan. Elke saamhorige groep van mense, soos die kerk, die skool, die volk, - en ook u bond, - het sy roeping. Die roeping van die een groep van mense vul die roeping van die ander groep van mense aan. In die mate waarin die een mens of die een groep van mense sy roeping vervul, help hy die ander tot roepingsvervulling. Want die roeping van mense en van groepe van mense pas in mekaar soos een groot raderwerk, - die raadsplan van God. Dit sou beteken dat die een mens of groep van mense vry is in die mate waarin die ander ook vry is.[2]

My hoogste vryheid vereis nie u knegskap nie, maar juis u hoogste vryheid. U hoogste vryheid vereis nie my knegskap nie, maar juis my hoogste vryheid. In die mate, waarin elk van ons waarlik vry is, kan ons algar saam vry wees. Hoe wonderlik harmonieer nie hier die vryheid

van die een mens met die van die ander en van algar saam met die van God nie! Hier is geen spanning en botsinge soos in die geval van die vryheidsleer van die ongeloof, waarin die vryheid van die een die vryheid van die ander bedreig, en die vryheid van die een juis die knegskap van die ander eis nie!

Wie vryheid in die moontlikheid van ongehoorsaamheid en wetsoortreding en dus in die moontlikheid van ‘n weiering van roepingsvervulling soek, soek ‘n skynvryheid, waarin hy deur sy verknegting die ander verhinder om vry te wees en so sy naaste tot val bring. U verknegting lei u naaste tot verknegting, - en vir sy verknegting is u verknegting mede-verantwoordelik. U vryheid help u naaste tot vryheid, en vir sy vryheid kan u, in u vryheid, alleen God die eer gee. Wonderlik, nie waar nie?

Waar vryheid van die een mens of groep van mense floreer in die mate wat ander mense of groepe van mense vry is, is die een se vryheid afhanklik van die ander se vryheid en algar se vryheid saam van die vryheid van God. Daarom is dit foutief om vryheid negatief op te vat as onafhanklikheid, ongebondenheid, onbepaaldheid of ongedetermineerdheid. Maar waar ‘n mens of ‘n groep van mense selfsugtig vryheid soek on oorheersing en daardeur ander verhinder om húl van God gegewe moontlikhede te verwesenlik, verhinder om vry te wees, daar moet laasgenoemdes vryheid negatief soek in die verwydering van hierdie remminge tot vryheid. Negatief is vryheid dus: onafhanklikheid van ‘n bepaalde vryheid-vernietigende oorheersing of verknegting; dit is nooit onafhanklikheid in algemene sin nie, behalwe as ons vryheid teenoor die sonde stel; want vryheid is altyd onafhanklikheid van, onbepaaldheid deur, ongebondenheid aan die sonde.

Ekonomiese vryheid, bv., is positief: die geleentheid om jou eie of jou volk se ekonomiese moontlikhede te verwesenlik; en dit is negatief: onafhanklikheid van ‘n bepaalde oorheersende mag, wat hierdie geleenthede uitbuit en jou of jou volk verhinder om hierdie moontlikhede te verwesenlik. Ekonomiese vryheid is egter nooit onafhanklikheid in die algemeen nie. So ook is staatkundige vryheid nie onafhanklikheid in die algemeen nie. Dit kan geen volk wees nie, omdat elkeen vir sy eie vryheid afhanklik is van die vryheid van ander. Staatkundige vryheid is positief: die bevoegdheid en geleentheid van ‘n staat om oor sy eie lot te beskik, om sy eie roeping te vervul, sowel in binnelandse as buitelandse verhoudinge. Negatief is staatkundige vryheid: onafhanklikheid van ‘n bepaalde oorheersende mag, wat hom verhinder om sy eie roeping te vervul en hom dwing om die ander se bepaalde belange te bevorder. Onvry is en bly daardie volk, wat hom laat suggereer dat sy belange identies is met die van die oorheerser! Wetenskaplike

vryheid is positief: die geleentheid en bevoegdheid om die van God gegewe roeping van die wetenskap te vervul, en negatief: onafhanklikheid van enige dwingelandy, wat hierdie roepingsvervulling rem. Negatief moet ‘n vrye universiteit in ons land sy vryheid soek in onafhanklikheid, o.a. van die gewetensklousule en van die dekrete van ‘n neutralewetenskap. Negatief mag die vrou haar vryheid soek in onafhanklikheid van oorheersing van die man; positief moet sy haar vryheid soek in die verwesenliking van haar deur God gegewe roeping. So sou ons kan aangaan. Vryheid is nooit onafhanklikheid in die algemeen nie, maar onafhanklikheid van een of ander bepaalde mag, wat die positiewe vryheidsverwesenliking verhinder.

Waar ‘n mens (bv. ‘n kind), of ‘n volk (bv. die naturel in ons land), nog onbevoeg is om sy moontlikhede self te verwesenlik, en in die sin nie vry kan wees nie, daar is opvoeding tot vryheid plig van daardie mens of volk, wat oor die onbevoegde gestel is. Ons voogdyskap oor die naturel verplig ons om die naturel tot vryheid bekwaam te maak; dis onskriftuurlik om op ‘n ewigdurende voogdyskap te reken. Ook is dit onskriftuurlik om die naturel gelyk aan die blanke te wil maak, want hy het kragtens sy eie aard ‘n heel ander roeping as die blanke in ons land, en dus ook ‘n ander vryheid. Ook is dit onskriftuurlik om die naturel so gou as moontlik tot vryheid te dwing, want alles het sy tyd, en dis dwaas om ‘n groen vrug gou ryp te wil druk. Maar ons is verplig om die aanleg, die geaardheid en die moontlikhede van die naturel te bestudeer, - in die lig van Gods Woord, - om so uit te vind wat sy roeping is, en waarin sy vryheid geleë moet wees, - sodat ons ons taak as voogde God ter ere kan vervul en die naturel kan lei tot die vryheid, waartoe God hom roep, - tot die vryheid, waarmee Christus ook die naturel vrymaak. Pligsversaking aan ons kant is ‘n vorm van selfverknegting en sal eindig, as ons nie reg handel nie, in ons verknegting aan die naturel.

### (7) Vryheid, sonde en Skrifkennis

Vryheid is onafhanklikheid van sonde! Dit bring ons tot die vraagstuk van die verhouding van vryheid tot sonde, die vraagstuk, waaroor die Skrif so veel handel.

Deur die sonde beheers die mens nie meer die natuur nie, maar oorheers hy dit. Deur die sonde skep die mens nie meer kultuur nie, maar verskep hy dit. Deur die sonde is die mens nie meer vry nie, maar slaaf van die sonde, verkneg aan sy eie kultuurskeppinge, aan sy eie natuuroorheersinge. Deur die sonde is die mens ten opsigte van sy roeping siende blind en horende doof, soeker en navolger van sy eie onselfgenoegsame roepstemmetjie, want deur die

sonde soek die mens nie God nie, maar homself. Deur die sonde wil die mens vry wees in selfgenoegsame sin, soos God, in plaas van in onselfgenoegsame sin soos ‘n mens. Daarom soek hy vryheid dan ook in ongehoorsaamheid en wetsoortreding, soos ‘n slaaf, in plaas van in gehoorsaamheid en wetsvervulling, soos ‘n koningskind, soos ‘n vrye kind van die vrymagtige God. Deur die sonde is die mens van sy geboorte en ontvangenis af nie meer vry nie, maar tot slawerny en verknegting gedoem.

Teenoor hierdie skrifwaarhede staan die ander. Die mens kan homself nie van die vloek van knegskap verlos nie, maar hy kan daarvan verlos word deur die kruis van Christus. Deur Christus kan hy weer vry word – ware natuurbeheerser, ware kultuurskepper, ware roepingsvervuller, vrye kind van God.

Die Skrif leer ons verder dat Christus hierdie vryheid aan die kind van God slegs in beginsel gee; want in hierdie bedeling bly hy nog ook onder die mag van die sonde. Dit is ook duidelik. Hoe kan die mens in hierdie bedeling vry wees, as nie algar vry is nie, en sy vryheid juis die vryheid van die ander vereis?

Met ander woorde, menslike vryheid, soos hierbo geskilder, is ‘n ideale toestand, wat behoort te wees, en waarna ons behoort te streef. Hierdie vryheid is dus ‘n ideaal. Die mens behoort in die strewe na hierdie ideaal te streef na Gode-verheerlikende kultuurskeppinge, gehoorsaam aan Sy verordeninge. Die mens moet daarna streef om sy roeping te vervul.

Hiervoor is egter, veral nodig die krag van Christus en die voorligting van Gods Woord. En nou opeens sien ons die wonderlike nou verband, wat daar bestaan tussen vryheid en Skrifkennis. Die Skrif leer ons, wat vryheid is. Die Skrif leer ons hoe vryheid moontlik is. Die Skrif leer ons hoe ons na vryheid moet streef. Is ‘n Vrye Skool nie ‘n skool wat volgens die in die Skrif geopenbaarde beginsels sy roeping trag te vervul nie? Is ‘n Vrye Kerk nie gebou op die beginsels deur Christus neergelê en in die Skrif geopenbaar nie? Is ‘n Vrye Wetenskap nie juis ‘n wetenskap wat God gehoorsaam is, wat in die vrese van die Here beoefen word en Sy Woord gebruik as ‘n lamp vir sy voet en ‘n lig vir sy pad nie, ‘n wetenskap wat die natuur en kultuur ,,in U lig’’ sien nie? Is ‘n Vrye Kuns en ‘n Vrye Kunskritiek nie juis ‘n kuns en ‘n kunskritiek wat om God skoonheid en skoonheidskritiek skep nie? Is kuns om die kuns nie pure kunsslawerny nie? Bied die Skrif nie juis ook vir die kuns en die kunskritiek die beginsels, wat hulle vrymaak nie? Is ‘n Vrye Volk nie juis ‘n volk wat sy van God gegewe roeping trag te vervul en daarvoor die lig van

Gods Woord nodig het nie? Is ‘n Vrye Mens nie juis hy, wat hom verlustig in Gods insettinge, Sy wette nie vergeet en Sy Woord ken nie? So sou ons kan aangaan.

Dit is die Skrifwaarhede, wat u oë oopmaak, vir die weg tot vryheid op elke gebied van die lewe en van die kultuur. Skrifkennis en vryheid veronderstel mekaar. Sonder die lig van die Skrif wandel u in duisternis en struikel u, onvry, teen alles aan. Sonder die Skriflig, sonder Gods Woord, kan u nie vry word nie. Geloof in die Woord van God, kennis van die Skrifte, is ‘n eerste eis vir vryheid, waartoe die genade van God en die kruis van Christus u bekwaam sal maak. Die Skrif leer u dat natuurbeheersing en kultuurskepping vry is, as u daarmee God verheerlik; dat Gode-verheerlikende natuurbeheersing vry is, as u daarmee God verheerlik; dat Gode-verheerlikende natuurbeheersing en kultuurskepping nooit die mens verslaaf en verkneg nie, maar hom sy vryheid ten volle laat geniet.

Die Calvinis het altyd gestry vir vryheid. Nie vir ‘n mensverankerde en mensverheerlikende en dus rewolusionêre vryheid nie, maar vir ‘n vryheid, waartoe God hom verplig het, ‘n vryheid, waarmee hy God dien, ‘n vryheid om die eer van God, ‘n vryheid wat Gode-verankerd en Gode-verheerlikend is. Sy stryd vir ‘n vrye skool, vir ‘n vrye kerk, vir ‘n vrye volk, vir ‘n vrye kuns, vir ‘n vrye wetenskap was altyd veranker in die wil om God gehoorsaam te wees. Hierdie vryheid het hy altyd as ware vryheid beleef. Vir hierdie vryheid het hy altyd Gods Woord geraadpleeg. Hierdie vryheidsin verstaan die ongeloof nie; die ongeloof moet dit as beperking en vernietiging van vryheid opvat. Maar hierdie Calvinistiese, deur en deur Skriftuurlike, vryheidsin maak van die Calvinis ‘n man van beginsel, ‘n rots wat vasstaan, ‘n persoon wat nie deur wind en weer heen en weer geslinger word nie – *in die mate*, waarin hy sy vryheid verwesenlik. Dit is ‘n vryheidsin, wat die allerdiepste eg-menslike behoeftes bevredig. Dit is ‘n vryheidsin, wat ‘n mens goed en bloed om God, die Gewer van alles, laat opoffer. Dit is ‘n vryheidsin wat ‘n mens laat jubel in teenspoede en moed gee in dieselfde mate, wat die teenstand toeneem. Dit is eienaardig, maar waar, dat hierdie vryheidsin kragtig opleef in verdrukking en verknorsing – en verswak en verkwyn waar alles te voorspoedig gaan. Maar juis in die voorspoedige jare behoort Skrifstudie en Skrifkennis hierdie vryheidsin wakker en aktief te hou.

Vryheid is ‘n ideaal, waarvoor u moet stry, en wat u in hierdie bedeling nooit in sy volle glorieglans sal verwesenlik nie. U moet stry teen die magte van die bose, teen die hindernisse, wat vryheid, d.w.s. verheerliking van God deur die mens, belemmer. U moet stry teen u eie selfverknegting, wat u die skynvryheid van menseverheerliking voortower. U moet, om waarlik vry te word, stry vir God, om God, tot die eer van God. Menslike vryheid is ‘n gawe, wat God tot Heer

maak, wat God verheerlik, en u Sy wil laat doen. Hierdie gawe is deur die sonde verlore en kan in die genade van God en deur die kruis van Christus alleen in stryd herwin word. Daarom is die Kerk van Christus ‘n strydende kerk. Daarom sal ons altyd moet aanhou *stry* vir Vrye Onderwys, vir Vrye Wetenskap, vir Vrye Kuns, vir Vryheid van Geloof, vir Gewetensvryheid, vir Vryheid van taal en van denke, orals en altyd vir daardie Vryheid waarmee Christus ons vrygemaak het.

Hierdie vryheid is menseverheerlikheid, menseglorie, die verwesenliking van die allerhoogste mense-ideaal: die kultuurskeppende verheerliking van God deur die mens. Dit is geen Goddelike vryheid nie, maar ‘n wonderlike beeld van Goddelike vryheid. Sulke natuurbeheersing en kultuurskepping is mense-heerlikheid. Die *mens* skitter in sy vryheid, heerlikheid en glorie in die mate wat hy God verheerlik. Sy vryheid is ‘n afglans van die vryheid van God. Sy heerlikheid is ‘n kostelike weerkaatsing van die heerlikheid van God. Sy heerlikheid is ‘n deurstraling van God se heerlikheid deur hom heen. Wie ongehoorsaam is, weier om God se heerlikheid te weerkaats; hy weier om God se heerlikheid deur hom te laat deurstraal; hy weier om te skitter in die glans van God se grootheid, almag en goedertierenheid; hy wil sy eie vryheidsglans uit homself laat uitstraal; hy wil hom verlustig in sy eie menslike ,,grootheid’’; maar so staan hy in die pad van sy eie lig; so staan hy homself in die pad van vryheid; so kan Gods glorie en vryheid nie tot deurbraak in sy dade kom nie; so vergaan sy vryheid en heerlikheid en word dit verduister en verdonker in die dowwe lig van skynvryheid en slawerny.[3]

Dieselfde geld vir die vryheid van ‘n volk, van ‘n skool, van die kerk, van die wetenskap, van die kuns, ens.; algar is vry, kostelik, heerlik en skitterend in die mate wat hullge God verheerlik, Sy heerlikheid en Sy glorie weerspieël; in die mate wat hulle hul van God gegewe roeping vervul. Hulle lig is egter verduister, hulleself is ‘n smaad in die mate, wat hulle hulself, die mens of die natuur, en nie God soek nie.

Daarom roep ek u bond toe om u voor te berei vir die stryd van die lewe, wat vir ons niks anders as ‘n stryd vir vryheid is nie, en wat in wese dieselfde is as die stryd vir die eer en verheeliking van God. Vir hierdie stryd is Skrifkennis ‘n eerste vereiste, en meteen die skerpste wapen. U moet u voorberei om in die lig van die Skrif alle lewensterreine, alle kultuurgebiede, die hele wêreld op te eis vir Christus, elk van u met die roeping, waarmee God u roep, elk van u met die vryheid, waarmee Christus u vrymaak. U bond se vryheid lê in sy roepingsvervulling, nl. om u met Skrifkennis bekwaam te help maak vir die stryd vir vryheid, bevoegd te help maak om daardie stuk natuur te beheers, daardie deel kultuur te skep, waartoe God u roep. Naarstige Skrifstudie alleen sal u die weg na vryheid wys. U moet altyd onthou dat alle ware menslike vryheid nie

mens- of natuurverankerd is nie, maar altyd Gode-verankerd is; ook die ware vryheid van u bond. Ook u bond vereis, om waarlik vry te wees, die deurstraling deur sy werk heen van die heerlikheid van God. Vry is u bond in die mate, wat dit op sy terrein, in sy roeping, God verheerlik en hierdeur ‘n afglans van God se heerlikheid deelagtig word.